Leefkuns

Huiskerk

Quellerina Gemeente

# Geestelike dissiplines

## 1Samuel 18-20

*Oppervlakigheid is die vloek van die tyd waarin ons leef, sê Richard Foster in die inleiding tot sy boek Celebration of Discipline. Die atmosfeer van kitsbevrediging waarin ons leef, is volgens hom grootliks 'n geestelike probleem. Daarom het die wêreld nie meer intelligente of begaafde mense nodig nie, maar diep mense. Geestelike dissiplines(s) help ons om te beweeg van 'n lewe van oppervlakigheid na 'n lewe met (geestelike) diepte. Dissiplines soos gebed, vas, meditasie (nadenke oor God se woord), eenvoud, diens en aanbidding is nie net vir geestelike reuse nie, maar vir elke gewone mens. En die dissiplines word die beste uitgeleef in verhoudings met ons vriende, familie en elkeen rondom ons in ons alledaagse lewe. Die hoofdoel daarvan is om ons beskikbaar te stel sodat God in ons lewe kan werk. Dissipline in ons geestelike lewe hoef ook nie iets swaars te wees nie, soos 'n las wat ons verplig is om saam te sleep. Vreugde is die fondament waarop al die dissiplines gebou is! Ons almal is maar beginners op die pad van geestelike*

*Lees die teks stadig deur. Lees dit hardop indien moontlik.*

*Hoe pas hierdie by jou lewe in?*

*Wat kan julle as gesin uit hierdie storie neem?*

*Wat kan jy baat , sou jy meer balans in jou lewe handhaaf?*

***Definisie:***

*Doelgerigte gewoontes wat daarop gemik is om God te beleef.*

***Alternatiewe definisie:***

*Om jou dors na God te stil deur toegewy aan Hom te leef.*

*(Bybel 24/7)*

Huiskerk
Quellerina Gemeente

Leefkuns

# Geestelike dissiplines

*Besin oor die beelde van 'n dors wildsbok en vloeiende strome. Is dors 'n aangename sensasie? Watter funksie dien dors? Is dors nodig? Hoe hou dit alles verband met ons behoefte na God?*

*Die psalmis vergelyk God met water. Skryf manier neer hoe jy kan dink dat God soos water is. (Kyk ook na Openbaring 21: 6 en 22:17; Johannes 7: 38-39; Jeremia 2:13.) Daar is geen 'regte' antwoord nie.*

*Hoe sou die optrede van sowel God as die psalmis, soos beskryf in 42: 8,die hoop gee tydens 'n moeilike situasie?*

*Is dit okay om God te ondervra wanneer ons moedeloos is? (Matteus 27:46) Watse doel dien dit?*